



Nuusbrief – Top 50 & SA Ope 2015

Top 50

So drie jaar gelede het ons as Vereniging in die Suid – Kaap begin om hard te werk om die Top 50 en SA Ope op 'n roterende basis aan te bied en soos te wagte baie teenkanting en ook baie steun daarvoor ontvang. Ek en my span het egter nooit tou opgegooi nie en met die ondersteuning van al hoe meer van die ander Provinsies het dit in 2014 gelei daartoe dat die mees gesogte skiet op die SAJSV kalender sy tasse gepak het en tydelik na die Suid-Kaap verhuis het.

Gedink dit sal maklik wees, glo my vry die oomblik toe die stem “ja” geword het, die beplanning met alle erns begin, nie om die tafel nie maar hier in onse agterkoppe. Dadelik na afloop die AJV van 2014 het ek met Flo (Florence), ons gasvrou op Louvain, en Nico haar eggenote kontak gemaak en hulle “geluk” gewens met die keuse van “venue”. Sal nooit die eerste reaksie vergeet nie: “O helletjie, tog dink jy ons kan dit doen? Wat behels dit alles?” Wel ek self het op daardie tydstip gedink die is ‘n taai stuk steak wat ons nou afgebyt het!

Soos die tyd aangestap het en ons weer die Suid-kaap ope met groot sukses aangebied het, het ek en my lede en Louvain besef dit kan suksesvol gedoen word, ons moes net ‘n beginpunt kies en daarvandaan het alles net mooi in plek begin val. ‘n Struikelblok wat ons gedurig in die gesig gestaar het was die ewige dispuut wat geheers het oor die nuwe teikens of nie. Sommige was daarvoor ander was daarteen en so het dit aangehou tot baie kort voor die groot dag. Klink nou nie juis of dit n struikelblok van formaat was nie, maar dink net dat alle teiken rame en “backings” moes van nuuts gemaak word omdat niks op die ou goed sou pas nie, ek het moes my bokkies uitgeknipt sodat hulle net moes kos en water kry dan het hulle die vlaktes in gehol, so realities was die Suid-Kaap teikens gewees.

My manne, en ander, het my die dood voor oë gesweer sou ek dit weer uitknip! Nou-ja, hoe kan ek stry met manne wat baie beter as ek afstand skat en wind lees. Ek is seker dat in die toekoms ek weer eendag sal uitsny maar kom ons laat dit eers daar vir nou. Die nuwe teikens is aanvaar en die wiele het begin rol teen die spoed van wit lig, of miskien verstaan julle meer die term “spoed van ‘n 6mm, opgewarm”!

Ons is as span na Louvain en die naburige plase toe om geskikte en beskikbare grond en plekke te identifiseer waar ons met veiligheid ‘n baan kon bou. Soos tipies ons Suid Afrikaners en skiet volkie kan ons nie almal oor dieselfde ding eenstemmigheid kry nie, toe maar een persoon afgevaardig en aanvaar hy sal die regte besluit maak. Baie teensinnig is dit deur die meerderheid aanvaar en ons kon toe die grond eienaars nader en

hulle het geen teenkanting gehad nie. Dit het net weereens bevestig dat die besluit om een afgevaardigde te stuur die regte een was. Natuurlik het ons heeldyd oor sy skouer geloer!

Na bitter baie e-posse en foon oproepe, dae en nagte se beplanning en werk, menige besoeke aan Louvain en die “catering team” was alles so te sê gereed vir die groot dag. Probeer bietjie om 21 baan offisiere bymekaar te kry met nie minder as 8 wat papiere het, 4 wat in training is en dan die wat die veld net mooier maak. Dit vat tyd, geduld, gebed en hoop. Dankie tog vir SJB – Suid-Kaap Jagters en Bewarings Vereniging van wie ons kan trek en natuurlik die rose tussen die dorings van Uniondale en Sedgfield. Die skoner geslag leen tog darem iets spesiaal aan ons skiet dae!

Ek glo nie dat ‘n klomp bouers wat heeldag met sement en bakstene werk ooit gedink hulle sal met ghong rame en hammers die vlaktes in en berge klim nie, hoor net kort, kort “jinne Obie, dis seker hoog genoeg of vêr genoeg! Ons gaan nie eers so ver op holiday nie!”, net soos ons kleurvolle Kapenaars dinge kan kwytraak “En dan moet ons dit da wie kom afbreek ook?” Hierdie manne se sêgoed maak my sommer lus en begin die Suid-Kaap Ope se baan nou al bou.

Dis Maandag voor die groot naweek en ons swoeg en sweet behoorlik om die troefee van oral by ons te kry, ons wil dit darem weer begin uitdeel en die manne wat dit verdien sien ook sekerlik uit daarna om sy foto saam met sy troefee te laat neem. Uiteindelik alles bymekaar en iets wat nog nooit van tevore gebeur het nie, ons stem op die Internet of die troefee huis toe of na die hoofborg Safari & Outdoor se vertoonkas moet gaan. Ek maak my reg vir nog ses maande se stry en wrintiewaar, soos een man, stem almal “JA”! Mense ek het hoop vir die Vereniging!

Woensdagaand maak ek my tuis in die ‘agterkamer’ op Louvain en loer in die spieël, ek verbeel my daar is baie meer grys hare as ses maande van tevore, en loer so na die take wat nog voltooi moet word en besef hierdie koek is lank nog nie in die oond nie en van bak, nog minder! Tot laat in die nag sit ek en gesels en planne maak met Boerrie en Ducky, dis nou nadat ek moes reël vir manne om die kraglyn, wat Woensdagaand net voor agt deur die wind afgeruk is, te kom regmaak. Louvain is in donker ‘n dag voor die Top 50. Nico, ons gasheer, ry die Cape Epic en Florence is in George besig om ons etes se bestanddele vir die naweek bymekaar te kry. Nou vir die gene wat nie vir Boerrie en Ducky ken nie, Boerrie is n Jack Russel wat my aangeneem het en Ducky is n jong Kol gaans wat nie weet hy is n gaans nie, albei in my kamer een onder die komberse en die ander op die vloer en pik aan alles wat hy kry.

Donderdag breek aan en die klippe spat soos ek en van die plaas mense die laaste penne vir teikens kap, gazebo’s opslaan waar nodig en seker maak Bojaan se kind het nie weer Baan 3 van die oggend Top 50 afgebreek soos Dinsdag nie, verstaan nie hoekom hulle wag vir Sondag nie. Ieder geval, alles staan en die manne begin so stuk-stuk aankom en jy hoor daardie mooi musiek van gewerskoot wat so weergalm tussen die berge soos die skietbaan benut word. Toe weet ek, ja, ons dag is hier. Mône oggend sal alles in plek val, soos dit bedoel was.

Vrydagoggend om 04:45 is dit ek, Boerrie en Ducky, Ducky moet agterbly want Boerrie het nog nie ge breakfast nie, en hy kyk Ducky snaaks aan. Gelukkig daag daar soos altyd van die nie skieters van ons ondersteuners klub op en terwyl Jaco en Hugo die verrigtinge begin word die oggend baan se papier teikens geplaas, baan offisiere word op hulle plekke geplaas en “ge-brief” wat om te doen. Skaars met hulle klaar en hier kom die stof storm aan, lang steep rygoed van enige maak wat jy kan dink en die een maak meer stof as die volgende, maar mintig dis ‘n mooi gesig en skielik kom daar ‘n kalmte oor my en besef ek, daar is nie nou meer omdraai nie. Die manne is hier en die dinge is in plek. Net a laaste ding was om die Eden 911 eerste hulp Offisier op plek te kry sou daar n ongelukkie gebeur; dank ons Hemelse Vader Hy was ons genadig gewees.

Nou die finale teiken plasing en seker maak alles is reg op die middag baan. Gelukkig is daar tyd want die wind het so bietjie begin blaas. Nadat baan 6, die varke, opgesit was, het ek weer ‘n draai daar loop maak en daar was drie uit die grond, of sal ek sê, “uit die klippe gewaai”. Die russe wat gebruik sou word is op hul plekke gesit en die voorbeeld teikens, waaroor almal so mooi kom vra het, is ook uitgeplaas sodat almal kan sien waar om te mik en waar nie.

Almal is soos een man klaar geskiet op die oggend baan, so rondom 12 uur, behalwe Antoon Roets wat vir ‘n familie lid se begrafnis moes terug vlieg en eers na tien weer by ons aangesluit het. Johannes Schoeman het Antoon deur sy passies geneem en hy het toe ook die oggend baan voltooi so rondom 1 uur se kant. Die manne kry ek toe by die saal waar hulle smul aan die lekker ete wat Louvain voorgesit het. Die mooi vra dat ek eers na twee moet begin met die middag se skiet, want die windjie en mirage was nie so lekker nie, het nie op dowe ore geval nie.

So rond gekyk en bietjie gevra oor hoe dit gegaan het, kry maar min antwoorde. Toe besef ek, die baan keuse was die regte een. Die sport van ons is werklik die Iron Man van skiet en met die onvoorspelbare weer van Louvain moet jy seker maak jy bring jou ‘A-game’ veld toe anders gaan jy gestraf word. Niks aan ons skiet posisies was snaaks nie en alles wat gebruik was kon jy enige dag, sou jy jagveld toe gaan, heeldag saam met jou kon dra. Ek praat nou nie van groot rotse en lusern bale nie, die Bog-Pods en ander stokkies wat ons aangebied het.

Die stormloop na die middag baan begin. Net so na twee en die skote weergalm weer tussen die berge, mooiste musiek wat jy kan hoor op so dag. Ry so tussen die bane rond en sien net so hier en daar n glimlag, tog so bly ek het myself geklee in daardie High-Viz hemp en pet. Niemand sou enige persoon kon oortuig hy het my nie gesien nie sou n koel in my rigting gekom het. Die wind het weer eens die spreekwoordelike kaf van die koring geskei. Ek verstaan Jaco het die oggend met gebed gevra vir wind.

So tussen 4 en 5 uur het die laste manne begin inkom en so bietjie die kele nat gemaak en bietjie meer gesels as voor die middag baan. Baie het geskerts met tellings van net onder die 900 en diep in die 800, dan kop laat sak en so saggies laat deurskemer “dis vir al twee bane”. “Was die bane moeilik?” vra ek. Een en almal was dit eens dit was een van die

beste Top 50s ooit en die bane was perfek, die skuts se vernuf om afstand te skat en wind te lees was tot die uiterste toe beproef.

Ons was baie gelukkig dat alles seepglad verloop het en behalwe vir een incident, wat ons streng volgens ons reëls hanteer het, was daar geen onreëlmatighede en absoluut geen klagtes nie. Baie dankie aan alle skuts wat deelgeneem het en van al die positiewe terugvoer wat ek ontvang het, dit was werklik 'n plesier om die dag te kon aanbied.

Die SA Ope

Saterdagoggend, en ja, dis weer ek, Boerrie en Ducky. Hier gaat ons weer met vragte teikens, hammer en alles wat kon verkeerd gaan gedurende die nag begin in my kop draai. Ek wag angstig op my hulp van George, die manne wat baan gebou het moet nou gazebo's afbreek en skuif. My 21 baan offisiere kom aan soos rysmiere in die Vrystaat na 'n reën storm. Ek laat hulle ontbyt nuttig terwyl ek en Boerrie teikens opsit, Ducky kon weer die lus in Boerrie se gesig sien en het die hase pad, of dan die ganse vlug geneem en sit seker iewers op 'n dam water.

Hugo en Jaco behartig weer die opening terwyl ek die finale bevele en do's en don'ts aan die baan beamptes uitwys soos ek elke groep op hulle plekke kry. Wat maak die weer word gevra. Op daardie stadium, so 8uur, waai daar 'n wind wat skrik vir niks! Ek dink by myself, vandag kom daar 'n AD na my kant toe, maar dink toe weer, nee die manne is almal groot en weet hoe om n pak te vat, en van koud praat ons nie eers nie. Van die fyner geslag, waar hulle daai mooi rooskleurige velletjies vertoon het is hulle nou so blouerig, nes iemand wat uit 'n ysbad kom. Amper soos wanner jy laat saans by die huis kom nadat jy vergeet het om vroulied te gebel, daardie die koue uitdrukking wat jy die volgende paar dae kry, so lyk van hulle. Selfs my vuil oorpak was vinnig opgepik as beskerming teen die koue windjie.

Na-ja, alles in plek en nege uur breek aan. Daardie stofwolk van gister rol so aan na die baan toe, die slag net verdrie-dubbel. Vrydag was daar 44 skuts, vandag 144. Dit laat my dink hoe die mense in die eerste Wereld oorlog moes voel as die vyand se tenks so aankom, so het dit vir my geklink. Alles was reg maar daar was nog gazebo's wat moes op en 'n tafel hier en daar kort. Dank Vader ons het dit nie die vorige dag op gesit nie, die nag se wind sou dit tot op die buurplaas loop waai het.

Net toe alles mooi vlot begin loop kom die tweede seisoen op ons afgestorm, dit reën sommer baie lekker. Al wat 'n boer is is baie bly en is nie veel bekommerd oor sy telling nie, die reën is goud werd die tyd van die jaar hier rond. Nie ons reën tyd nie, maar dit reën dat dit bars! Baan beamptes vra teikens, die reën maak die gom los, die wind waai die teikens in flardes en ek dink hier kom nou 'n gemors. My baanbeamptes hou kop, skiet voort met spoed, ek kry teikens van die vorige dag se T 50 en ruil om, merk met spuitverf en alles loop goed. 'n Uur of twee later klaar die reën op en die son begin kop

uitsteek. So eindig ons SA Ope 2015 in perfekte skiet weer, vier seisoene in een dag, ek daag enige Provisie om dit ons na te doen!

Almal klaar hier rondom 4 uur, ek is stokflou gejaag met teikens en kolleksie van score sheets maar daar sak so klamte en 'n groot dors oor ons almal neer, nie een klagte vir die dag nie, net gelukwense tussen mekaar en van alle oorde, geluk dat ons die Ope met soveel welslae kon aanbied. Dit het maar net weer bewys, as ons saamwerk kan ons berge versit. Suid-kaap is sekerlik een van die kleinere Provinsies, maar het groot harte!

Die aand breek aan en ons val weg met 'n smaaklike voorgereg wat bedien word. Almal wag in spanning op die uitslae en finale punte stand. Wimpie en Hugo is al raadop, drie drukkers en nie een wil werk nie, Eskom dreig met load shedding en ek dreig om weg te hol want ons kan nie die prys uitdeling begin voor almal hulle punte nagegaan het nie. Uiteindelik daag Hugo met die voorlopige lys op en almal drom saam om te check en weer te check. Verbaas my dat van ons manne so kompetend is en dat .2 punte so belangrik is, maar dinge is taai in die top, so ek verstaan dit. Alle punte is uiteindelik reg en ons smul listig gedurende die gewag aan 'n koningsmaal wat bedien word met so lekker soetheid agterna. Ons borge en gassprekers kry 'n beurt om iets by te voeg vir die aand en bedank almal vir hulle deelname en ondersteuning.

Die hoof deel van die aand begin en die pryse en medaljes word met trots ontvang deur die skuts, meeste geklee in hulle hoogste sport toegekende drag wat vir n slag voel ek op die regte manier gedoen is. Pragtige sport en klub baadtjies met dasse en langbroek en pleks van die vuil klere waarmee die dag geskiet is, vrouens wys weer hoekom hulle mooier as mans is; baie dankie aan diegene wat gehoor gegee het aan Valie Enslin se pleidooi om mooi aan te trek, min dat ons vir Valie so mooi te sien kry. Die prys wenners kom so een na die ander na vore en ontvang met trots hulle toekennings en pryse, die aand word afgesluit met 'n toespraak deur ons voorsitter, Johannes Schoeman, en die bekendstelling van die SA Protea Span van 2015. Daie geluk aan die manne wat dit gemaak het.

Die Top 50 en Sa Ope 2015 was voorwaar 'n sukses gewees en die feit dat daar geen klagtes was nie is vir ons as organiseerders 'n riem onder die hart. Baie dankie aan alle borge, deelnemers, helpers en veral die wat agter die skerms hard gewerk het. Louvain en sy mense, ons is julle ewig dankbaar vir die geleentheid om julle plek te kan gebruik.

Jimmy Farnham
Suid-Kaap

SA Span 2015



Corrie Prins, Francois Ferreira, Revo van Zyl, Jaco Brink, Carel Maritz, Jacoos van Niekerk

Fotos van die Top 50 en SA Ope 2015, met komplimente van Jaco Brink, kan gesien word by:

<https://www.dropbox.com/sh/8xdx41spbk53ztm/AADQytwrftWlzi-owSEbx8gNa?oref=e&n=152257692#/>